

Skuld van ontwikkelde ekonomieë strem herstel

Wêreldwye ekonomiese nuus: Junie 2010

Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB ekonome

In die algemeen lyk dit of die wêreldwye ekonomie aan die herstel is, maar die skuld van soewereine lande bly steeds 'n bedreiging vir die brose herstelproses.

Sedert die ekonomiese afswaai teen die einde van 2008 en vroeg in 2009, teken 'n toenemende aantal lande reeds 'n positiewe kwartaallikse groeikoers aan, tesame met 'n merkbare herstel in internasionale handel en wêreldwye nywerheidsproduksie.

Banke teësinnig om uit te leen

Ondanks die meer bemoedigende groeikoerse, is die herstel nie eenvormig nie en bly die klimaat vir volgehoue groei redelik broos. Die kredietsituasie bly stram en talle groot finansiële instellings beperk steeds die toestaan van lenings.

Regerings kort besteding in

In Mei het die Europese skuldkrisis gedreig om die ekonomie weer in 'n ekonomiese resessie in te laat gly. 'n Reddingspakket van 750 miljard Euro van die EU (Europese Unie) en die IMF (Internasionale Monetêre Fonds) vir skuldbelaaide regerings het die situasie ten minste vir die kort termyn gestabiliseer. Lande met groot tekorte soos Griekeland, Spanje en Portugal sal genoodsaak word om massiewe tekort-regstellings te maak. Na verwagting sal minder drastiese maatreëls in lande soos Duitsland en Frankryk kort op die hakke daarvan volg. Strenger fiskale beleidsrigtings kan 'n stremmende uitwerking op talle Europese ekonomieë hê.

Brose euro 'n bedreiging vir Sentraal- en Oos-Europa

Die skuldkrisis kan moontlik druk plaas op EU-lede in Sentraal- en Oos-Europa, sowel as op Sentraal-Europese lande soos Pole en die Tsjeggiese Republiek waarvan die ekonomieë nou gekoppel is aan die vertoning van die euro. 'n Sloering in dié lande om die euro te aanvaar, sal verdere druk op hul ekonomieë plaas.

Regeringskuld styg beduidend

Kommer oor fiskale saldo's is nie net tot Europa beperk nie. Die algemene verhouding van regeringskuld tot BBP (Bruto Binnelandse Produk) vir gevorderde ekonomieë word verwag om van byna 91% van die BBP teen einde 2009, teen 2015 te styg tot 110% van die BBP. Onder die G7-lande sal die verhouding van regeringskuld tot BBP na verwagting tot hoër vlakke styg as na die Tweede Wêreldoorlog.

Japan is steeds die wêreld se grootste skuldenaar met 'n regeringskuld:BBP-verhouding van 227.1% in 2010. Griekeland beklee die tweede plek met 'n verhouding van 133.2%, Ysland is derde teen 119.9%, Italië vierde teen 118.6% en België is in die vyfde posisie teen 'n koers van 100.1%. Die enigste ontwikkelde land wat sy finansies nougeset bestuur het, is Australië.

In Australië is die regeringsfinansies in 'n uiters goeie toestand met 'n skuld:BBP-verhouding van slegs 19.8% en het 'n situasie van fiskale tekort eers onlangs ontstaan.

Regerings wat bo hul vermoëns leef

Die styging in regeringskulde is waarskynlik die opmerklikste in die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika, hoewel daar ook in lande soos Japan en die meeste gevorderde Europese ekonomieë groot stygings in die skuld was. Dit is 'n redelik algemene neiging vir gevorderde lande om die verhoging in skuld, veral gedurende die Groot Resessie, aan 'n verlaging in belasting-inkomste toe te skryf. Die gegewens vertel egter 'n ander storie.

Byvoorbeeld, in die VK was die verhouding van regeringsinkomste tot BBP in 2000 nie minder nie as 37.9%, terwyl dit in 2009 gering gedaal het tot 36.4%. Die daling was beslis nie beduidend genoeg om die yslike styging in skuld en die huidige fiskale tekort te verklaar nie. Daarteenoor het die VK se regeringsbesteding van 'n aanvaarbaar vlak van 30.2% van BBP in 2000, in 2009 tot 'n massiewe 42.9% van BBP gestyg. Deels in 'n poging om aan mag vas te klou, het die regering van sommige gevorderde ekonomieë, soos verbruikers, jare lank bokant hul vermoëns geleef.

Opkomende ekonomieë word beter bestuur

In teenstelling met die voorafgaande gegewens, word verwag dat die skuld:BBP-verhoudings in opkomende ekonomieë danksy volgehoue ekonomiese groei en relatief lae rentekoerse geleidelik sal begin daal van 38.0% in 2010 tot 'n geskatte 34.2% in 2015. Dieselfde neiging is van toepassing op lae-inkomste lande, wat talle ekonomieë in Afrika insluit.

"Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inluit, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang."